

Lees: Miga 3:1 – 12

Teks: Verse 1-3a, 9 – 12

Hoofgedagte: God roep leiers en gesagsdraers tot verantwoording (Beide preke)

1^e preek:

1. Beskuldiging (1 – 7)
 - 1.1 Oortreding
 - 1.2 Tugtiging

2. Straf (9 – 12)
 - 2.1 Gevolge van ongehoorsaamheid
 - 2.2 God se wraak

Br's en s'rs ... kinders ... vriende....

Wie kan die mens en die samelewing aftrek na die diepste dieptes... --
 - die mens self!
 Wie kan die mens en samelewing oplik tot die hoogste hoogte
 - God alleen!

Br's en sr's – Dit is wat God deur die profeet Miga aan Sy volk wil sê!
 Miga het in die 8e eeu vC as profeet van die Here opgetree.

Ek lees graag vir u die opmerkings wat die vertalers van die Bybel, by die boek Miga geskryf het:
 LEES

In hierdie besondere gedeelte van Miga se profesie wat ons vanoggend gelees het, hoor ons dan nou hoe God die leiers van Sy volk tot verantwoording roep!

Eerstens, hoor ons God se beskuldiging teen die leiers; en
tweedens, hoor ons die straf wat God oor Sy volk uitspreek;

In die tweede preek, hoor ons hoe God uitkoms gee en tot Sy volk se redding kom.

 1. Kom ons luister dan nou eerstens na God se beskuldiging teen die leiers van Sy volk,
 verse 1 – 7:
 ****LEES v 1-7****

Geliefdes – God praat hier met mense wat deur Hom aangewys en tot leiers gesalf is!

Dit is mense wat gesag van God af ontvang het om Sy volk ooreenkomstig Sy wil – Sy wette - te leer, te lei en te dien!

Maar voor ons verder gaan, laat ons eers vaststel wie hierdie leiers is met wie God hier praat.

Miga rig hom hier in sy profesie tot “leiers”, “regeerders”, “profete” en “priesters”.

Hieronder sou ons dus kon verstaan: Gesinshoofde, stamhoofde, gemeenskapsleiers en geestelike leiers.

1.1 Eerstens, hoor ons dan wat hulle oortreding is.

In verse 1-4 hoor ons hoe God die leiers in die algemeen, maar veral die politieke leiers en regters beskuldig.

God vra aan hulle: Weet julle nie wat reg is nie?

Hoekom stel God die vraag aan hulle? Omdat hulle presies die teenoorgestelde doen van wat reg is!

God som hulle gedrag op as Hy sê: Julle haat wat goed is en het dit wat verkeerd is lief!

En nou gebruik Miga hier beeldspraak om die leiers se gedrag en die gevolge daarvan te beskryf.

Hoor maar weer watter beelde gebruik hy:

***LEES v 2 b.- 3 ***

Niks wat hy hier sê – br's en sr's – bedoel hy letterlik nie...

Al wat hy hiermee wil sê, is dat die leiers deur hulle optrede mense van besittings en selfs van hulle menswees beroof!

Hulle behandel mense soos diere ... hulle stroop hulle van hulle menswaardigheid!

In kort, sê God dus vir hulle: Julle wat moet toesien dat daar reg, geregtigheid en orde moet geskied... julle wat 'n regverdige waardestelsel aan die mense moet leer – julle pleeg die ergste onreg wat aan 'n mens en aan 'n samelewing gedoen kan word!

In verse 5 en 6 praat God nou spesifiek met die profete.

Hy beskuldig hulle dat hulle aan Sy volk 'n valse vrede verkondig!

Hulle sê alles wat die mense doen is maar reg en goed... om maar net hulleself deur die geld wat hulle ontvang, te verryk.

En dan is die ergste nog dat hulle vyandig optree teenoor die wat hulle nie wil beloon vir hulle uitsprake nie!

In kort sê God dus vir die profete: Julle wat reg en waarheid moet verkondig... julle wat vir die mense die regte beginsels moet leer – julle leer, ter wille van julle selfbevoorregting en om aanvaar te word deur die ander leiers wat soos julle dink – julle leer aan My volk 'n valse selftevreedenheid – 'n valse gerustheid dat alles reg is!

1.2 Na Miga aan hierdie leiers hulle oortredings bekendgemaak het, maak hy ook aan hulle bekend hoe God hulle gaan tugtig en straf.

Aan die leiers in die algemeen, die politieke leiers en die regters, sê Miga, dat God sy hulp aan hulle gaan wegvat.

Hulle sal bv. tot Hom bid, maar Hy sal Hom doof hou vir dit wat hulle vra...

Hy sal Hom van hulle ontrek sodat hulle nie goddelike insig sal hê in wat reg en wat verkeerd is nie...

Hulle sal nou sonder Hom moet lewe!

Aan die geestelike leiers, sê Miga, dat hulle geen goddelike openbaring meer sal ontvang nie ...

Hulle dae van lekker lewe – van voorspoed – sal beëindig word...

Hulle sal skaam wees dat hulle profete genoem word, want hulle sal niks hê om te sê nie...

Ook hulle sal nou sonder God moet lewe!

=====

2. Vanaf vers 9 – 12 verkondig Miga nou aan die leiers wat die gevolge van hulle goddelose optrede is en dat God se wraak hulle gaan tref.

2. 1. Eers, gee Miga 'n opsomming van hulle optrede en die onmiddellike gevolge daarvan, verse 9-11, dit sluit aan by verse 2,3:

LEES v 9-11

Hoor u hoe verskriklik is die onmiddellike gevolge van die leiers en gesagsdraers se sondige optrede?

Onder hulle leiding word 'n valse gemeenskap – 'n valse leefwyse - en 'n valse- of skeefgetrekte godsdiens gevestig!

Ja, die volk van God se verhouding tot mekaar en tot ander mense, asook hulle verhouding tot God, is onder leiding van hierdie ongehoorsame leiers, op 'n valse fondament gebou – selfs op bloedvergieting en onreg!

Hoekom sê Miga hierdie verskriklike dinge?

Want, by die verkeerde leiding wat hierdie leiers gegee het, het hulle nog ook aan die mense gesê: Moenie bekommerd wees oor hoe julle lewe nie, die Here is by ons, geen onheil sal ons tref nie!

Ons en julle is onaantasbaar ... maak nie saak wat ons doen nie!

Ja, vasgevang in hulle eie sonde, het hierdie leiers self valse verwagting en hoop op God gehad, en daarby dit nog ook vir ander geleer!

2.2 **Geliefdes** – Hierdie leiers het hulle self en die volk van God in die diepste dieptes ingelei (God se wraak)!

Hoor wat verkondig Miga nou aan hulle, vers 12:

*** LEES v 12 ***

Besef u wat hierdie goddelike uitspraak beteken?

Br en sr – Wat Miga hier verkondig is God se wraak oor die hardnekkige sondes van die leiers en gesagsdraers van Sy volk!

Ja, Sion en en Jerusalem gaan vernietig word... die berg Sion waar hulle tempel staan en Jerusalem hulle heilige stad!

Alles waarop hulle hulle vertrou stel gaan verwoes word!

Ja, God wil vir hulle leer dat Hy nie beperk is tot die tempel en die heilige stad nie..

Hy is baie meer en baie groter as mensgemaakte geboue en stede.

Hy is veral verhewe bo dit wat die mens in sy hardnekkige ongehoorsaamheid tot stand wil bring en wil opbou!

Maar – **geliefde gemeente** – in hierdie oordeelsaankondiging, gee die profeet Miga tog ook hoop!

Hier is een vers - omtrent in die middel van hierdie Hoofstuk - waarna ons nog nie weer geluister het nie!

Ja – **geliefdes** – uit die diepste donker dieptes, is daar een ligstraal ... -- al is ons in ons sonde van God verlate, is Hy nog steeds daar!

En Hy wil aan ons uitkoms gee !

AMEN

2^e Preek:

1. Uitkoms en redding (Vers 8)

- 1.1 God gee uitkoms
- 1.2 Redding (Hfst 4)

Hoor wat sê die profeet Miga in vers 8 van homself, teenoor al die beskuldigings teen die ander leiers:

*** LEES v 8 ***

1.1 Geliefdes - In hierdie donker diepte waarin God se volk is, is die profeet Miga hulle ligstraal... Hy is hulle enigste uitkoms, want anders as die ander leiers, tree hy op in die krag en die gees wat van God afkom!

Met die hulp van God het hy insig in wat reg en wat verkeerd is...

Omdat God se Gees in hom is weet hy wat reg is en doen hy ook wat reg is!

Daarom het hy ook die moed om hierdie goddelike waarheid aan die volk te verkondig!

Omdat hy weet dat hy deur God gestuur is en sy gesag van God af ontvang, sal hy God se volk leer om ooreenkomstig Sy wil te lewe!

Hy sal hulle leer om te haat dit wat sleg is en lief te hê dit wat goed is!

Hy sal hulle leer wat 'n regverdige waardestelsel is en hoe om daarop hulle lewe en 'n gemeenskap te bou wat ordentlik en ordelik in reg en geregtigheid met mekaar sal kan saamlewe!

Hy sal hom nie laat omkoop om 'n valse vrede te verkondig nie!

Hy sal nie valse hoop en verwagtinge by God se volk skep nie!

Nee, hy sal hulle sondes aan hulle uitwys en hulle in hulle skande voor die heilige God stel!

Daardeur sal hy aan hulle leer hoe om weer in die regte verhouding tot God te lewe!

Ja, hy sal aan hulle ware beginsels leer en wys hoe om daarop hulle lewe en godsdiens te bou!

1.2 Br's en sr's – As God se volk van Sy wraak gered wil word, moet hulle en hulle leiers na die profeet Miga begin luister!

Want, na sy oordeelsprediking, gaan Miga voort om die goddelike openbaring wat hy ontvang het, aan hulle te verkondig!

Kom ons luister net na die eerste paar verse van die volgende Hoofstuk – Hoofstuk 4:1-7:

*** Hfst 4:1-7 ***

Ja – **Geliefdes** – al gaan God die tempel op die berg Sion en die stad Jerusalem verwoes, sal Hy 'n nuwe Jerusalem met 'n nuwe tempel aan Sy volk gee!

Ja, God sal uiteindelik self aan Sy volk 'n plek gee waar volkome geregtigheid en ware vrede sal wees... 'n plek waarheen nie net Israel sal wil heengaan nie maar al die mense uit al die volke van die aarde!

En daar sal God oor Sy kinders heers en vir altyd deur hulle in liefde en in waarheid gedien word!

Ja, uit die diepste dieptes sal God Sy uitverkorenes verhoog tot die hoogste hoogtes!

=====

Maar, kom ons pas nou ten slotte hierdie openbaring van God korteliiks toe op ons wat vandag leef!

Geliefde gemeente –

Deur hierdie gedeelte roep God ook vandag nog die leiers en gesagsdraers wat in Hom glo, tot verantwoording!

M.a.w. ons almal wat christene is en deur God in leiers en gesagsposisies geplaas is - gesinshoofde... die man en vrou in die huisgesin, die kerkleiers – kerkraadslede, ... gemeenskapsleiers... politieke leiers...

Ja, aan elkeen van ons, vra God vanoggend: Julle wat bely dat julle My kinders is, weet julle dan nie wat reg is nie... het julle geen beginsels, waardes en norme nie?

Hy vra aan ons: Hoekom is daar in julle gesinslewe...in julle kerklike lewe... in julle skole... in julle gemeenskap... en in julle politiek, soveel verkeerdhede, kwaad, onreg en valsheid?

Hoekom bou julle julle gesin... julle godsdiens...julle gemeente... julle skole... julle gemeenskap... julle politiek... op 'n valse fondament... selfs op die gruwelikste onreg denkbaar?

Br en Sr - Dink maar net eerlik hoe gaan dit in jou gesin... die verhouding met jou vrou ... die verhouding met jou man.... die verhouding met jou kind -

- is daar ook immorele gedrag en ontrouheid in jou huwelik, swak of geen leiding of opvoeding aan jou kind, is daar mishandeling van jou kind ...
- laat jy maar jou kind se gesagsverwerping en verset teen jou en ander gesagsfigure toe ... is jou stilswee daarvoor uiteindelik maar goedkeuring? Werk jy so mee aan 'n losbandige samelewing?

Dink eerlik aan jou verhouding met God en jou meelewing, betrokkenheid en leiding wat jy gee in die kerk, in die skool en in die gemeenskap? .

Dink aan die leiding wat jy gegee het in ons politieke bedeling voor 1994 en die leiding wat jy neem en jou betrokkenheid in die huidige bedeling?
Hoe het jy vroeër geoordeel tussen reg en verkeerd en hoe gee jy leiding daarvoor vandag ?

Ja – geliefdes - ook vir ons wil God deur Sy tugtinge en tydelike straf lei, sodat ons na Hom toe kan terugkeer!

Hy wil ons leer hoe verskriklik dit is om sonder Hom te lewe!

Daarom vat Hy soms Sy hulp van ons af weg... Hy los ons om alleen deur hierdie lewe te worstel!

Hy verhoor nie ons gebede nie....

Hy maak dat ons nie kan verstaan wat met ons en rondom ons gebeur nie...

Hy laat ons in die skande kom...

En as ons gaan aanhou om so hardnekkig in ons sonde voort te leef en daarmee ook hulle vir wie ons moet lei en 'n voorbeeld moet wees, saam met ons die dieptes intrek, gaan God se wraak ons almal tref!

Ja, God sal eers dit verwoes waarop ons valslik ons vertrou op stel en uiteindelik sal Hy ons verlaat sodat ons vir ewig in die diepste diepte – die hel – sonder Hom sal moet bestaan!

Maar, in sy wonderlike liefde vir die mens, gee God 'n belofte van uitkoms, en redding!

Soos God aan Israel van ouds vir die profeet Miga as 'n ligstraal gegee het, gee Hy ons die ware Profeet, Sy eie Seun, Jesus Christus!

Teenoor al die ander leiers van God se volk - wat in hulle wese steeds maar sondige mense was - gee God Sy Seun!

Ja, in Jesus Christus, trek al die leiers van die ou verbond, in een persoon saam... Jesus is die hoogste profeet, priester en koning!

Br's en sr's – as ons uit ons diepste diepte - uit ons ellende - gered wil word, moet ons na die Woord van God se Seun luister!

Hy wat self by God was, het aan ons die reg en die waarheid wat van God af kom, kom verkondig en deur Sy Gees kom bevestig!

Ja, beter en skerper nog as Miga, het Jesus God se oordeel kom verkondig oor die wat in ongehoorsaamheid aan Hom leef...

Veral diegene wat in leiers- en gesagsposisies is!

Dink maar net aan Sy beskuldigings teenoor die Skrifgeleerdes en die Farsieërs.

Hy het selfs nie nagelaat om Sy dissipels tereg te wys en te vermaan nie!

Beter as Miga het Hy vir ons kom leer hoe om in reg en geregtigheid, in vrede met mekaar en alle ander mense saam te leef...!

Ja, deur Sy eie volmaakte voorbeeld, het Hy ook vir ons gewys hoe om teenoor ons Vader en teenoor mekaar te lewe!

En uiteindelik het Hy ook God se wonderlike belofte van redding en uitkoms verkondig...

Ja, Hy is self ons uitkoms en redding!

Laat ons dan voortdurend na Hom toe terugkeer ons aan Hom in die geloof verbind, en Hom dan dien in volle gehoorsaamheid en 'n vaste geloof ...

En laat ons dan uit hierdie nuwe verhouding met Hom, Hom as die grootste en hoogste van alle leiers, navolg, en Hom ook met verantwoordelikheid teenoor God ons vader, dien as ons enigste Redder en Leier!

AMEN